# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 206
23 September 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Gat in die grond

Een van die pret-liedjies wat ons ken is die een oor die gat in die grond met die groen gras wat daarom groei. Die liedjie voel telkens nog 'n element by en so groei die kompleksiteit. Daarmee saam moet jy al hoe vinniger sing om te poog om die liedjie in dieselfde tyd te kan voltooi. Op 'n stadium struikel jy oor jou woorde, vergeet jy 'n element of jy gebruik meer tyd as toegelaat. Die liedjie spieël onrusbarend baie van die lewe, veral die lewe in die een-en-twintigste eeu. *En in die gat, is daar 'n boom, dis die boom in die gat en die gat in die grond en die groen gras groei daarom*.

Jou lewe begin so eenvoudig. Eet, drink, speel, slaap, herhaling vul jou dae en jy kan elke aspek deeglik onder die knie kry. Dan begin jou skoollewe en skielik kom huiswerk by. Skaars het jy dit bemeester of klavier en ballet word bygevoeg. Amper oornag begin jou lewe al hoe meer kompleks te raak. Dit is darem nie asof dit jou oorweldig nie, maar tye van verveeld wees, raak al hoe minder. Soos jou skoollewe vorder, raak die tye van ledigheid tydens die kwartaal aansienlik korter. Daar is darem nog lang moeitevrye vakansies. Meestal, want hokkie- en rugby toere, Voortrekker kampe en vakansie-skool word toegevoeg. Tog het jy nog tyd en energie en kan jy meestal die pas volhou. Die verantwoordelikhede is beperk; doen jou huiswerk en bring 'n aanvaarbare rapport huis toe. Al klaar begin sommige mense oor die woorde van die lied van die lewe struikel, of vergeet sekere dele daarvan. *Dis die tak in die boom en die boom in die gat en die gat in die grond en die groen gras groei daarom. En in die tak is daar ‘n mik* ...

Wanneer die volwasse lewe begin, dink jy dat jy alles kan oorwin. Met durf en daad pak jy die lewe aan. Eers net werk en verblyf. Dan kom die sleepsel wat die lewensmaat word. Dit opsigself veroorsaak 'n stroomversnelling; verlowing, huwelik en eie verblyf. Die koms van die kinders is 'n dramatiese ingryping in jou lewe. Werk aan die huwelik, werk by die werk, werk aan ouerskap, werk by die kerk, maak seker daar is kos op die tafel, hou die huis en huishouding in stand, werk aan jou verhouding met familie ... Op hierdie stadium val nog meer mense uit die koor, struikel met die woorde, vergeet die woorde van die liedjie. *Dis die mik in die tak en die tak in die boom en die boom in die gat en die gat in die grond en die groen gras groei daarom. En in die mik is daar ‘n nes ...*

Die stroomversnelling is nie verby nie, die kinders word groter en die loopbaan bring meer verantwoordelikhede. Ons kry al hoe meer verantwoordelikhede en take soos ons vorentoe beweeg, tuis en in die gemeenskap. Skaars is die kinders uit die huis of die voorregte en uitdagings van

groot-ouers wees loer om die draai. Dit is eers by aftrede wat ons 'n rustiger lewe begin ervaar. Teen daardie tyd het die meeste van ons al agter geraak met die sneller lewe, die tempo verloor, dinge verkeerd gedoen of vergeet. Nie almal haal hierdie fase van die liedjie nie. Sommige val weg, ander klim uit. *Dis die voël in die nes en die nes in die mik en die mik in die tak en die tak in die boom en die boom in die gat en die gat in die grond en die groen gras groei daarom. Wat wag nog; vlerk en veer en luis en kiem en ...*

In alles is dit belangrik dat ons sal asem skep. Die lewe het verander, met die hulpmiddels tot ons beskikking kan ons soveel meer doen. Selfone maak dat ons altyd en oral bereik kan word. Die elektroniese pos maak dat gesprekke vinnig plaasvind. Voertuie en vliegtuie maak groot afstande vinnig oorbrugbaar. Ons sou kon aanhou om aspekte van die lewe op te noem wat dinge meer kompliseer. Dit is in hierdie gejaagde lewe belangrik dat ons sal begin kies. Ons kan nie sonder eie skade net aanhou byvoeg en oplaai nie.

Is dit alles die moeite werd? Beslis ja. Net soos ons met die liedjie probeer byhou, so is dit met die lewe. Raak ons agter, begin ons weer. Struikel ons, begin ons weer. Vergeet ons, probeer ons weer. Net omdat die liedjie moeilik is om te bemeester, beteken dit nie dat ons nie probeer nie. Ons kan lag en die pret van die voller en vinniger lewe aandurf. Ons gaan almal opeindig in die gat in die grond, maar tot dan kan en moet ons die lewe met al sy uitdagings geniet. Die lewe is immers 'n gawe van God.



# BERIGTE

## PREDIKANTE BERAAD EN BONDSVERGADERING

Beraad:

Die jaarlikse predikante beraad het hierdie jaar verskuif van Maart na September. Die predikante het op 8-9 September 2022 te Meyerspark byeengekom en gesprek gevoer re sake rondom 'n kerkorde. Verskeie gemeentes het behoeftes rondom die regte optrede in gevalle van dissipline, werkskontrakte en gewone bestuursake. Dr. Malan Storm het die gesprek gelei aan die hand van 'n gespreksdokument wat hy opgestel het.

Die meeste predikante was teenwoordig en daar is goed gesprek gevoer. Die gesprek het gevorder en daar is konsensus dat ons steeds die NHKA 2010 Kerkorde gebruik soos waar van toepassing - natuurlik is sake soos Ringsvergaderings nie meer ter sprake nie. Almal was dit eens dat ons waarlik die voortsetting is van die Voortrekker kerk en dat die hoofstroom NHKA lankal van daardie pad afgewyk het. Daar sal ondersoek ingestel word na 'n Kerkorde wat deur elke gemeente aanvaar en gebruik kan word om eie huishoudelike sake te kan bestuur.

Meyerspark se dames het die predikante op heerlike kos getrakteer en die dag is afgesluit met 'n vleisbraai. Dwarsdeur die dag het almal as goeie vriende saam gekuier, soos dit hoort. Dit kan as 'n suksesvolle beraad bestempel word.

Bondsvergadering:

Die tyd van die vergadering is vervroeg na Vrydag 10:00. Onder leiding van ds. Piet Rautenbach het die vergadering gekonstitueer en die enkele saak op die

agenda hanteer. Die finansiële verslag en die oudit verslag is aan die vergadering voorgelê deur ds. Louis Alberts. Nadat enkele vrae beantwoord is, het die vergadering die verslag eenstemmig aanvaar. Dit is verblydend dat dit 'n skoon oudit verslag was en daarvoor is 'n woord van dank uitgespreek teenoor almal wat so deeglik gewerk het tydens die jaar se bestuur van die Bond se finansies. Die vergadering is afgesluit en 'n informele gesprek oor die uitbetaal van die restant van die Regsfonds het plaasgevind. Na gesprek en verduidelikings het almal aanvaar dat die mees regverdige formule vir die uitbetalings wel voorgestel is.

## LITIGASIE

**NHKA se komende 73e AKV**

Dit is vit die GHG van hartseer belang om kennis te neem van dit wat in die NHKA plaasvind. Dit is veral van belang in soverre dit ons direk raak. Ons het immers almal die droom dat die NHKA uit sy liberale wurggreep sal ontsnap en die spinnerakke van vrysinnigheid sal afskud. In hierdie Koersvas gaan aan twee sake van die Agenda vir die 73e AKV aandag gegee word. Daarmee saam gaan die volgende artikel in hierdie Koersvas die aanhangsel G onder die loep neem. Daarmee is die sake van direkte belang dan hanteer.

Die eerste saak wat van belang is, is die verslag wat dien oor die litigasie gebeure van die afgelope tien (10) jaar. Daar is sekere sake wat gewoon nie ter sprake kom in die verslag nie. Hierdie sake is opvallend in hulle afwesigheid.

Sake van belang in enige verslag oor litigasie wat in hierdie geval skitter in hulle afwesigheid:

- Spreek hierdie verslag enigsins van deursigtigheid?
- Word daar verslag gedoen oor die **herhaalde pogings van GHG** kant om 'n **skikking te bereik** en hierdie voorspelbare verloor te vermy?
- Word daar verslag gedoen oor die meer as vyf advokate wat die NHKA in die loop van tien jaar gebruik het? Elke keer 'n nuwe advokaat, elke keer opnuut nuwe koste aangegaan om die advokaat te kry om hom in die materiaal in te grawe.
- Waarom het die **NHKA** in hierdie tyd **ses senior advokate** gehad wat namens hulle opgetree het?
- Noem die verslag die feit dat die NHKA erken het dat die NHKA as derde party nie inspraak het in enige eiendoms-handeling van die gemeentes nie?
- Noem die verslag die feit dat die eie erkenning van die NHKA gemaak het dat die hof teen hulle beslis het?
- Noem die Litigasiekomitee dat die **NHKA** die laaste deel van die hofgeding **telkens met koste verloor het**?
- Noem die verslag dat daardie selfde erkenning waarskynlik enige duur poging tot appèl in Bloemfontein kniehalter?
- Word daar enige bedrag iewers in die Agenda genoem? Weet die NHKA lidmate dat hierdie saak die NHKA **letterlik miljoene rand gekos het**?
- Wat het geword van die mense wat kwansuis *pro bono* sou werk soos voorheen **luidkeels verkondig**?
- Word daar iewers melding gemaak van die feit dat hierdie hofstryd **nooit op enige AKV begroting genoem word nie**?
- Is dit nie gemeentes se goeie reg om kennis te neem van die inhoud en aard van die **regsrekening** nie?
- Is gemeentes nie geregtig daarop om te weet waaruit die hofstryd befonds

is nie? Was die rekeninge getakseer en was die hele proses aan oudit onderworpe gewees?

- In die gees van deursigtigheid, is dit nie tyd dat die advies waarop die Litigasiekomitee reageer het, openbaar gemaak word nie?

Die NHKA se verslag: (Die emosionele aanslag val dadelik op)

*Hoe doen 'n mens oor 'n litigasieproses van meer as 10 jaar verslag? Wat bring jy in spel en wat los jy uit? Hoe verreken jy ure en ure se vergaderings, die opstel van notules, regskonsultasies, tyd wat gebruik is om dokumente uit die kerkargief op te diep en te dupliseer, verslagdoening aan meerdere vergaderings, gesprekke met gemeentes wat aan die kortste end van die kerkskeuring getrek het, regsprosesse wat keer op keer gefrustreer is, en die wag en nogmaals wag? Hoe verreken jy die emosionele letsels wat die onmin en daaropvolgende litigasiestryd gelaat het? Hoe vertel jy van familie- en vriendskapsbande wat saam met die kerkskeuring geskeur het? Hoe peil jy die gebede aan beide kante wat as voorbidding vir reg en geregtigheid opgegaan het? Het geregtigheid geskied? God sal hieroor oordeel.*

*Die uitslag van die litigasieproses vroeg in 2022 is welbekend. Die Kerk het die saak verloor aan die hand van regsbeginsels wat nie deur enige van die partye nie, maar deur die regter geopper is. Die regte van gemeentes wat agtergebly het, is geensins deur hierdie beslissing aangetas nie. Gemeentes wat voortgaan sal deur die Litigasiekomitee en die Kerk ondersteun word*.

Is dit werklike verantwoordelike verslagdoening vanaf die Algemene Kommissie en die Litigasiekomitee aan die kerk se mense? Is dit werklik al wat daaroor gesê moet word? Daar is ‘n paar sake wat in die verslag uitgelaat word wat maak dat hierdie net nog ‘n <u>stuk manipulerende propaganda</u> is. Daarmee saam is daar sekere sake wat in die verslag wat foutief, opruiend en selfs lasterlik kan wees.

Die slagoffer-mentaliteit wat herinner aan ‘n *‘cry-bully’* val op. So al asof die GHG nie eindelose vergaderings en regskonsultasies gehad het nie. So al asof advokaat Du Plessis en drr. Botma en Otto nie self ure by die argief spandeer het om die nodige dokumentasie op te diep nie. Noem die verslag dat daar nie eens ‘n glas water in gasvryheid aan hulle gebied is in die dae aaneen wat hulle ook daar was nie? So al asof daar nie deurlopend deur die GHG regskomitee aan die gemeentes en lidmate verslag gedoen is oor die stand van sake ten opsigte van die hofgeding nie. So al asof steedsHervormers en <u>GHG-gemeentes en lidmate</u> nie ook te na gekom is en baie dink dat hulle aan die kortste end trek nie. So al asof die uitgerekte litigasiestryd die GHG se skuld was en dat hulle nie ook met frustrasie na die proses gekyk het nie. Die letsels en pyn van die stryd is net so seer en diep in die GHG as wat dit in ander gemeenskappe is.

*Het geregtigheid geskied? God sal hieroor oordeel.* Hierdie sin word herhaal omdat hierdie sin reg en verkeerd is. God sal inderdaad oordeel. Die vraag is na die aard van geregtigheid. Is geregtigheid wat geskied wanneer jy die hofsaak wen? Is geregtigheid nie dalk juis dat binne die konteks van die landswette die wettige uitspraak van die hof aangehoor is nie? Die wet het die GHG se oortuiging bevestig. **Die gemeentes het wettig opgetree**.

Waarom word die sin wat verwys na die kerk se verloor van die saak gekoppel aan die verwysing na die regsbeginsel wat deur die regter geopper is? **Maak dit die regsbeginsel minder geldig**? Is dit nie juis waarom die **neutrale bystander** die **beter perspektief kan** gee nie? Die regter het inderdaad na 'n saak verwys wat deur almal misgekyk is. In haar uitspraak het sy suiwer volgens die reg opgetree. Daarmee saam het sy ook die vraag van 2012 geantwoord. Drie gemeentes het toe die hof genader met die versoek om 'n verklarende bevel te kry oor die vraag; 'Het ons wettig opgetree?' **Daarop het die regter onomwonde reageer met 'n "Ja".**

Daar word verwys na die regte van gemeentes wat nie deur die hofuitspraak aangetas word nie. Daar word verder gestel dat die gemeentes wat wil voortgaan met litigasie deur die Litigasiekomitee en die NHKA bygestaan sal word. Die NHKA wil met die uitspraak steeds gemeentes aanmoedig om howe toe te gaan. Daarteenoor kan onomwonde gestel word dat **alle gemeentes se regte juis deur die uitspraak beskerm** word. Die Kommissie het nóg direk nóg indirek aanspraak op gemeentes se eiendom nie, dit is die gemeente se eiendom om mee te maak soos hulle dink dit die Evangelie die beste dien. Die regter se uitspraak het gemeentes verlos uit die wurggreep van die skynbaar eindelose geldgierige magsbeheptheid van die Raad van Finansies en die Kommissie van die AKV. Mens sou kon stel dat die GHG gemeentes se regte herstel het. **Besluite geneem by 'n AKV het geen regsbasis nie**. Sonder mandaat kan 'n meerdere vergadering van die ampte nie besluit oor gemeentes se bates nie. Hierdie punt kan nie genoeg onderstreep word nie. Vir jare het die AKV en die Kommissie gemeentes mislei. **Gemeentes is regspersone en kan sonder voorskrifte handel met eie eiendom**. Daar is genoeg notules met besluite wat kan onderstreep dat gemeentes selfbeskikking het.

Sekere vrae ontstaan op grond van hierdie verslag:

- Het die gemeentes wat lid is van die Geloofsbond met ander woorde geen regte nie?
- Na watter gemeentes verwys die Kommissie wat sogenaamd verontreg is?
- Na die sogenaamde 'gemeentes' wat net in naam bestaan, wat geskep is ter wille van die hofgeding en uit tien tot twintig lidmate bestaan?
- Gaan die NHKA met ander woorde borg staan vir die waarborge wat gelewer sal moet word? Dit kan die NHKA weer miljoene kos!
- Weet die NHKA lidmate dat die sogenaamde 'gemeentes' vir die meeste op geen manier funksioneer as gemeentes nie? Dat daar geen eredienste, vergaderings, notules en samekomste bestaan vir die gemeentes nie?
- Lees die NHKA sy eie **Kerkorde**?
- Stel die Kerkorde nie dat gemeentes wat nie lewensvatbaar is, ontbind moet word nie?
- Weet lidmate dat hierdie 'gemeentes' kunsmatig aan die lewe gehou word en soms net op boeke verskyn om so moontlike eise te kan fasiliteer?
- Is die 'gemeentes' ingelig van die feit dat verjaring van eiendoms eise na drie jaar plaasvind?.
- Is die Litigasie onkundig, onseker of manipulerend rakende verjaring?

- Gaan die Litigasiekomitee klandestien aangaan met die teen-eis in hul eie naam?
- Weet die NHKA lidmate van die manier waarop die teeneis aanmekaar gesit is?
- Weet lidmate dat deel van die samestelling van die teen-eis die NHKA se eie Kerkorde verontagsaam?

Om mee af te sluit: Die tien jaar lange litigasiestryd het die NHKA baie miljoene rand gekos. Die Litigasiekomitee en die Algemene Kommissie is dit aan die NHKA lidmate verskuldig om aan te dui hoeveel het dit gekos, uit watter fondse is dit befonds, en waarom is daar met die hofsaak voortgegaan ten spyte van hoeveel versoeke vanaf die GHG, NHKA predikante en eie lidmate om die saak te laat vaar. **Lidmate is antwoorde verskuldig.**

## GHG EN NHKA BETREKKINGE

Die verhouding met die NHKA is gelukkig nie beperk tot die Kommissie en AKV se houding en besluite nie. Daar is gemeenskappe waar daar vrede is en goeie gesprekke plaasvind. Die amptelike standpunt verskil daadwerklik.

Voordat oor die NHKA se amptelike standpunt ten opsigte van die GHG gepraat word, is dit tog belangrik om daarop te wys dat die NHKA se verskuilde agenda eintlik hul beleid re die GHG dikteer. Dit gaan dus eintlik glad nie oor "arme gemeentes en lidmate" wat sogenaamd "verontreg" is nie. Daar is reeds talle gesprekke en onderhandelings wat agter die skerms plaasvind ter voorbereiding van 'n eenwording met die NGK. Vir hierdie doel mag daar nie gesprekke plaasvind of ooreenkomste bereik word met groeperings soos die GHG en die APK nie. Dit sal die sensitiewe onderhandelings kniehalter. Daar is immers al 'n konsep-kerkorde vir die nuwe eenheidstruktuur op skrif gestel. Al ooit gewonder waarom die twee sinodes (NGK Algemene Sinode en NHKA AKV) deesdae gelyk-luidende besluite neem? Sodat die oorgang na eenheid naatloos kan plaasvind. Waarom word die Kinder-Nagmaal juis nou bevorder? Dit is 'n struikelblok op die pad na eenheid. Teen die agtergrond van hierdie verskuilde agenda, moet ons dan ook kyk na die beskrywingspunt oor die GHG wat in die NHKA se 73e AKV agenda opgeneem is.

<u>Die volgende beskrywingspunt gaan dien tydens die 73e AKV</u>:

*BESKRYWINGSPUNT 20: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE VERHOUDING TUSSEN DIE NHKA EN DIE GHG*

*1. Die 73ste AKV is van mening dat die verhouding tussen die NHKA en die GHG eers genormaliseer kan word wanneer die Geloofsbond die beskuldiging van dwaalleer en die Staat van Belydenis, wat teen die NHKA uitgereik is, herroep en alle litigasie tot 'n einde gekom het.*

*2. Die onderlinge band van eenheid tussen Hervormde gemeentes, lidmate, ampsdraers en medegelowiges in die algemeen berus nie op hofuitsprake nie. Kerklike eenheid is 'n gewetensaak wat voortvloei uit:*

** ons onderlinge verbondenheid met Christus en met mekaar;*

** ons gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif;*

** ons verstaan van die Heilige Nagmaal;*

** ons handhawing van die Belydenisskrifte;*

** ons gebondenheid aan die Kerkorde; en*

* *die beloftes wat ons tydens legitimasie, bevestiging in die amp en belydenis van geloof aflê.*

Dit is duidelik dat die opsteller van hierdie beskrywingspunt geen gesprek oor die saak gaan duld nie. In die studiestuk (sal hierna bespreek word) wat dien as agtergrond tot hierdie beskrywingspunt word gestel "*het enkele predikante van die Hervormde Kerk versoek dat versoeningsgesprekke tussen die Hervormde Kerk en die Geloofsbond moet plaasvind*". Hierdie stelling is nie korrek nie. Daar was beskrywingspunte ingestuur wat die gesprekke voorstel. Daardie beskrywingspunte is nie eens in die Agenda opgeneem nie. Twee voorwaardes word gestel ten opsigte van enige versoeningsgesprekke.

Die eerste is dat die Staat van Belydenis herroep moet word.

Die duidelike historiese dubbel standaarde blyk uit hierdie opmerking. Tydens die WCRC se 21e algemene vergadering in 1982 is 'n *Status Confessionis* uitgeroep oor die NGK en die NHKA. Die Raad vir Ekumene en die Algemene Kommissies het met die WCRC (by herhaling) gesprekke gevoer om die *Status Confessionis* aan te spreek. Uiteinde was dat die NHKA gekapituleer het en in **2010 die WCRC se voorwaardes aanvaar het**. Nou word die voorwaarde tot gesprek skielik 'n ultimatum: "herroep die Staat van Belydenis of geen gesprek sal gevoer word nie". Dit terwyl die Staat van Belydenis daardie tyd reeds as **wekroep** gedien het. Die saak is ernstig genoeg om diepe gesprek te regverdig. In eerlike gesprek is dit moontlik dat enige een van die twee partye oortuig kan word om van standpunt te verander. Daarvoor sien die opsteller en by verlenging die NHKA skynbaar nie kans nie. Daar word gestel dat die GHG verkeerd is in optrede en oortuiging en dat enige normalisering afhanklik is van die GHG wat sy oortuigings moet herroep. "Hier is my beginsels, as jy nie daarvan hou nie, het ek 'n ander stel beginsels beskikbaar", is skynbaar wat verwag word.

Die tweede voorwaarde spreek van onkunde op sy beste en **misleiding** op sy slegste.

Die hofstryd is verby. Die GHG en die gemeentes en verenigings wat deel uitmaak van die steedsHervormers beweging het geen begeerte om verder by litigasie betrokke te wees nie. Sover dit ons betref het alle litigasie sy einde bereik. Tog is daar ongelukkig nog 'n teen-eis waaroor soos die graf geswyg word. Die NHKA het steeds 'n **teen-eis teen vyf** gemeentes wat hulle nie teruggetrek het nie. Die Regskomitee het reeds via ons prokureurs aan die Litigasiekomitee aangebied om nie aan te dring op kostes nie, sou die saak terug getrek word. Die stryd kan met ander woorde gewoon verby wees indien die teen-eis terug getrek word. En ook nie. In dieselfde 2022 Agenda word gestel dat: "*Gemeentes wat voortgaan sal deur die Litigasiekomitee en die Kerk ondersteun word.".* Wie wil aangaan met litigasie? Wie sal verantwoordelik wees indien daar verdere litigasie is? En dan stel die beskrywingspunt dat normalisering aan hierdie saak gekoppel word.

Daar sal nie veel opmerkings gemaak word oor die tweede punt nie; dit is sake wat instemming kan kry, maar is nie relevant vir die saak op die tafel nie. Die verwysing na **eenheid as gebonde aan die Kerkorde** is vreemd; dit kan nie terug gevind word in die **Bybel of Belydenisskrifte** nie.

Die motivering verwys na die gepaardgaande memorandum. Hoofmomente en vele laagtepunte van genoemde memorandum word nou bespreek:

Die verslag begin met 'n oorvereenvoudiging van die gebeure. Daar word gewoon gestel dat gemeentes afgeskei het en hulle eiendomme saamgeneem het. Dit kan nooit as 'n ware opsomming beskou word nie. Gemeentes het eers hulle eiendomme beveilig teen restitusie eise. Daarna is die Beswaarskrif opgestel, voorgelê en verwerp. Tussen-in was daar dolering en die versoeke tot modaliteite en akkommodering binne die strukture; almal pogings tot gesprek en vrede bewerkstellig. Die uiteinde was dat predikante en gemeentes letterlik weggejaag is. Die einste WA Dreyer het die brief geskryf waarin voorgestel was dat die oomblik van skeiding van weë aangebreek het; nogal met verwysing na die Dopper afskeiding. So is dit ook in die koerante genoem - die koerantopskrifte het verwys na die wegjaag van gemeentes. Tydens die 2013 AKV is meer as tien gemeentes se afgevaardigdes en by verlenging die gemeente uit die AKV gejaag. Dit was geen afskeiding, maar 'n **gedwonge skeiding van die weë**.

Vir die soveelste maal word die besluit van die 69e AKV aangehaal. Dan word gestel dat ontevrede lidmate 'n organisasie genaamd steedsHervormers gestig het. Dit is nie te veel gevra om van 'n professor in kerkgeskiedenis te verwag om sy feite reg te kry nie, dit **gebeur** deur hierdie dokument **telkens nie**. Die feite is as volg: Lidmate wat beswaar aangeteken het, was bekend as die Beswaardes. Eers na die verwerping van die Beswaarskrif het hierdie lidmate besluit om van naam te verander en as steedsHervormers bekend te staan. Die naam getuig van solidariteit, nie strewe na afskeiding en twis nie. Dit was nooit 'n organisasie nie, maar 'n beweging.

Die verwysing na BAKV is vreemd. In die notuleboeke staan daardie vergadering korrek bekend as die buitengewone sitting van die 69e AKV. In die volksmond - onder invloed van die Kommissie - staan dit bekend as die BAKV. Daardie onderskeid moet tog duidelik gestel word, behalwe as jy die werklikheid probeer verdoesel. Die probleem met die ware naam is dat dit belangrike vrae en besware na vore bring. Vrae wat reeds in 2010 herhaaldelik deur die leiers van die Beswaardes en Dolerendes aan die Kommissie gestel is. Feit bly **dat jy nie regter in jou eie saak kan wees nie**. Die BAKV het met dieselfde afgevaardigdes en bestuur vergader. En regter gespeel oor die besluit wat hulle self geneem het.

Dreyer verwys na die BAKV en die Beswaarskrif. Hy verwys ook na advies wat ingewin is, al is sy tydlyn verdag. Wat hy nie noem nie, is dat die **Beswaarskrif nooit voor die BAKV gedien het nie**. Die Kommissie het vier vrae opgestel wat sou dien as basis vir die gesprek. Die inhoud van die Beswaarskrif is nooit deur die vergadering bespreek nie. Die Beswaardes het ook geen inspraak gehad in die opstel of inhoud van hierdie vier vrae nie. Hy noem ook nie dat die Beswaardes nooit genader is om kundiges voor te stel wat die Beswaarskrif kan evalueer nie. Met ander woorde: Dieselfde mense wat die besluit geneem het, moes op grond van gemanipuleerde kenners en vrae, oordeel oor hulle eie besluit. Met gevolglike voorspelbare resultate. Op een stadium het advokaat Joël Fourie gestel dat die ouderlinge

mooi moes dink alvorens hulle stem oor die kwessie van ***ultra vires***. Hy het hulle daarop gewys dat die NHKA in 'n hofsaak betrokke is en dat dit **sleg vir die kerk sal wees** indien die ouderlinge ja stem. Soos getroue en lojale lidmate het **ouderlinge ingeval by die leuen**.

Die volgende saak waarna verwys word is die Staat van Belydenis, 'n dokument wat op daardie stadium deur individue onderteken is.

'n Eerste opmerking wat gemaak word, is dat Dreyer die aard en erns van 'n *status Confessionis* reg omskryf en ook tereg daarop wys dat dit lidmate en ampsdraers was wat op 2 Junie 2012 die Staat van Belydenis onderteken het. Sy aanduiding dat die Staat van Belydenis dwaling wil blootlê, is korrek. Hy gaan dan verder en wys daarop dat die Staat van Belydenis amptelike status in die GHG gekry het. Ook dit is korrek. Dreyer wys uit dat: "*Die Staat van Belydenis argumenteer dat Besluit 54 die evangelie van Jesus Christus, die opgestane Here, verloën."* Dit is inderdaad 'n <u>ernstige wekroep</u> en verdien behoorlike gesprek. Die doel van sodanige gesprek sal wees om een van die twee partye te oortuig dat hulle verkeerd is. Die is in die aard van sodanige Staat van Belydenis dat aangedui word dat daar net reg of verkeerd is, geen middeweg is moontlik nie. Ons sal in 'n volgende artikel in Koersvas 207 die teologiese gesprek tussen Dreyer en die Staat van Belydenis onder die vergrootglas neem. Dit is immers die kruks van die saak en die teologiese rede vir die situasie waarin ons onvermydelik is. Dreyer kom dan by die dun punt van die wig wat gebruik word om die Staat van Belydenis **summier en sonder gesprek te verwerp**: "*Die vraag is egter of 'n besluit van 'n kerklike vergadering oor 'n politieke stelsel, op grond van bepaalde teologiese insigte, wel die leer of belydenis van die Kerk in die gedrang bring"*.

Die erns van die teologiese 'insigte' wat tot die veranderde teologiese denke gelei het, word onderskat en as middelmatig beskryf. Die volgende punt wat deur hom gemaak word is dat geen Protestante kerk die dokument onderskryf nie en dat dit daarom nie 'n ekumeniese dokument is nie. Om dit platvloers te stel – wat het dit met die prys van eiers te make? Die **teologiese inhoud** en die **Bybelse argumente** verleen **gewig** aan die dokument, nie een of ander erkende ekumeniese status nie. Hierdie opmerking rakende ekumeniese sake is van groot belang. Dit wys op die teologiese en ideologiese agtergrond waarteen Dreyer sy denke formuleer. Hy het ingekoop in die sentralisering-ideologie wat juis die rede tot bestaan van organisasies soos die WRK en andere is. Hy verstaan strukturele eenheid en ekumeniese oorwegings as van meer belang as sake soos substantiewe inhoud. Om dit anders te stel, hy reduseer die konsep van eenheid om gewoon te verwys na struktuur. Dit is problematies. Eenheid in struktuur impliseer dat alle tale, alle kulture van alle tye deel van hierdie struktuur moet wees. Intussen het die ekumeniese ideaal sy oorsprong gehad in die strewe na gekoördineerde sending. Vanuit hierdie strewe het die ideaal gegroei tot 'n 'moet opdrag'. Om nie deel te wees van hierdie strukturele eenheid nie word dan as sonde geklassifiseer.

Dreyer se verwysing na die Reformasie en die eis om te bly gesprek voer, is ironies. Na die een kant toe praat die NHKA nie met die GHG nie, en stel sy

beskrywingspunt dit ook as besluit. Na die ander kant toe het die Reformasie tog getrou gebly aan God se Woord en is daarom deur die Roomse kerk tot ketters verklaar. Hy gaan dan voort om te verwys na kerkskeuring en redes om aan te dui waarom die GHG verkeerd, en die NHKA reg is. Kom ons kyk na elkeen van die sake wat hy noem:

- Woord van God: Dreyer haal Efesiërs 4:1-15 amper volledig aan. In die gedeelte word daar uitvoerig gepraat oor die eenheid in die gemeente in 'n band van vrede. Paulus is hier besig om met die kerk in Efese te praat. Die lidmate word aangemoedig om sekere dinge te doen en ander na te laat. Dit is 'n denksprong om nou hierdie gedeelte te gebruik om strukturele eenheid as opdrag aan te dui. Dit oorspan die teks en die vermeende doel van die outeur. Daar is soms ander teksgedeeltes wat gebruik word om die eenheid van die kerk as strukturele eenheid aan te dui. Die Bybel self en die geskiedenis van die ou kerk (eerste vyf eeue) vertel 'n ander verhaal. Dit vertel van kerke wat afsonderlik voortgegaan het met diens aan die Here. Hulle het byeen gekom om belangrike teologiese strydpunte op te los. Hulle eenheid was geleë in die geloof wat hulle bely het, in die strewe na die band van vrede behou. Hulle was een in die Gees, nie een in struktuur nie.

Vervolgens wil Dreyer stel dat kerklike eenheid nie net 'n indikatief is nie maar 'n imperatief. Daarin kan daar vir hom gelyk gegee word nie die mate dat dit gaan oor die korrekte betekenis van hierdie eenheid. Dit is eenheid in geloof en belydenis wat ter sprake is, nie eenheid in struktuur nie. Reeds vroeg in die geskiedenis van die kerk is dit duidelik dat strukturele eenheid nooit werklik op die was tafel nie, daar was aanvanklik vyf patriarge wat leiding gegee het. Die getal het tot twee gekrimp, een Oos (Grieks) en een Wes (Latyn). Sprake van amptelike eenheid van strukture het eers ontstaan toe die Weste (Rome) en die Ooste (Konstantinopel) in 1054 geskei het, en toe was daar klaar twee amptelike strukture. Eenheid in geloof is en bly imperatief. Strukturele eenheid was nooit indikatief of imperatief gewees nie.

- Belydenis en belydenisskrifte – Dreyer haal vervolgens uit die NGB artikel 28 aan. Sy argumentasie is dan dat die teks daar dit duidelik stel dat jy by die ware kerk moet aansluit. Hoe dit presies toepaslik is in die debat oor eenheid, is onduidelik. Die NGB verwys daarna dat jy moet aansluit by die ware kerk en moet wegbreek van diegene wat nie meer die suiwer leer aanhang nie. Hierdie artikel is geskryf in die tyd toe die Hervormers moes rede gee vir hulle afskeiding van die Roomse kerk. Oor die meriete van daardie argument hoef nie debat te wees nie. Die klem is op deelname aan kerk en stryd teen dwaling. Hierdie artikel ondersteun met ander woorde die GHG indien daar duidelike dwaling aangedui kan word. Die GHG wil immers niks te make hê met 'n struktuur wat dwaling huisves en koester nie. Dit is juis die punt waarop Dreyer telkens dans. Die suiwer leer is die toetssteen wat die saak gaan besleg. Dit kan ook genoem word dat hierdie artikel nie praat ten gunste van strukturele eenheid nie, dit ondersteun nie eens die saak nie.

Opvallend is dat hy verwys na Belydenis, maar nie die belydenis van elke Sondag

aanhaal om sy saak te staaf nie. Dit is waarskynlik omdat daardie artikel verwys na eenheid gegrond op die leer van die Apostels. Die eenheid in leer is 'n tema wat ons by herhaling terugvind in die Bybel, belydenisskrifte en die vroeë tradisie. Dit is net weer duidelik dat hy die saak in absolute terme stel om onmin en verwydering te optimaliseer.

- <u>Kerkbegrip</u> – Hier word verwys na die kerkbegrip van die hervormde kerk wat sedert 1824 dieselfde gebly het. Dit is 'n swak argument om dan op grond daarvan kritiek te lewer. Net omdat my ouma en ouma gróót 'n saak op een manier hanteer het, dien dit nie as beginsel regverdiging vir 'n benadering tot 'n saak soos ekklesiologie nie. Die ironie is ook dik; oor soveel sake moet die NHKA aan beweeg (soos ook blyk uit die beskrywingspunt oor die Dordtse leerreëls) en het die NHKA inderdaad ook nuwe denke (ekumene, kindernagmaal), maar oor die ekklesiologie mag net op een vlak verandering wees en dit is in denke oor die ekumene.
- <u>Kerkordelik</u> – Lidmate en ampsdraers van die NHKA is gebind aan die Kerkorde en aan mekaar. Protesaksie kan geskied binne sekere voorskrifte. Die probleem ontstaan indien dieselfde strukture en Kerkorde gebruik word om hierdie **stem stil te maak en te onderdruk**. Die Kommissie van die AKV het op soveel maniere en soveel vlakke die Kerkorde ondermyn. Hierdie stelling kan uit persoonlike- en gemeente geskiedenisse aangedui word. Om dan die gemeentes se besluite om eiendomme te vervreem as strydig met die letter en die gees van die Kerkorde af te maak, is die deksel wat die pot swart noem.

Die verwysing na eenheid as belangrik is problematies; dit word in gemeentes bely met verwysing na **eenheid in geloof en leer**. Teen die agtergrond van aanduibare afwyking van tradisie en dwaling in leer, is dit onmoontlik om stil te bly. Hy stel dan dat die litigasie proses daarop gemik was om aan te dui dat die optrede van die gemeentes wat onafhanklik geword het, kerkskeurend van aard was. Het die valse leraars nie reeds hulle van die ware kerk weggeskeur nie. Moet die getroues nie juis terug-skeur na die waarheid toe nie. Die teologiese debat is die belangrike een wat gevoer moet word.

- <u>Nagmaalsformulier</u> – Dreyer haal uit die klassieke Nagmaalsformulier aan en wil dan aandui dat kerkskeuring nie 'n moontlikheid is nie. In die klassieke Nagmaalsformulier word gewaarsku teen kerk skeurders. Die Reformatore het almal weggebreek van die Roomse kerk op grond van die valse leer wat in die Roomse kerk teenwoordig was. Hulle het in daardie tyd en gees hierdie formulier geformuleer. Met ander woorde volgens Dreyer se interpretasie (geforseerd blyk dit te wees) sou nie een van die Reformatore (wat die formulier opgestel het) kon aansit by die tafel of die Nagmaal bedien nie. Of dalk moet die moontlikheid ondersoek word om daardie kerk skeurders te sien as diegene wat dwaling en onmin in die kerk gesaai het. Laasgenoemde interpretasie is in lyn met die formulering, gedagtelyn en konteks van die klassieke Nagmaalsformulier. Die leser moet maar self kies.
- <u>Gevolgtrekking</u> – Dit is jammer dat sy gevolgtrekking is dat die

steedsHervormers kerkskeurend opgetree het. Nie een van sy argumente het werklik oortuig nie. Om dan so ‘n opspraakwekkende gevolgtrekking te maak, is onverantwoordelik en getuig van eiegeregtigheid.

Dreyer erken dat ‘n skeiding van die weë kan gebeur wanneer daar duidelike dwaling aangedui kan word. Dit is nie ‘n aangename ervaring en gebeurtenis nie, maar dit is positief vir die Evangelie. Dreyer is geneig om in absolute terme te praat van “nooit positief’ nie en ‘nooit legitieme of voordelige strategie’ nie. Dit is steurend. Om te stel dat dit nooit kan gebeur dat daar ‘n skeiding van die weë is nie, is verstommend teen die historiese agtergrond van die NHKA en die Reformasie.

In 'n volgende artikel sal meer gemaak word van die NHKA se gespanne verhouding met die waarheid. Tog moet hier reeds iets van hierdie spanning aangedui word. Een voorbeeld uit die teks sal hierdie ongemak met die waarheid aantoon: “*Predikante verkondig elke Sondag die evangelie, en geen klag van leerdwaling is al ontvang nie. Die getuienis van die Kerk se lidmate is dat die evangelie reg en suiwer verkondig word*”. Dit is nie korrek nie. Daar is genoeg bewyse dat klagte van dwaling ingedien is teen verskeie van die hoogleraars. **Die klagtes is verswyg of in die sand gelei**. Gaan lees maar die notules. Daar is dokumentasie beskikbaar in die NHKA se eie argiewe om hierdie stelling te staaf. Dieselfde geld klagtes teen gemeentes wat deur die Ring of die Kommissie van die AKV onder die mat gevee is.

Dit is duidelik dat Dreyer in sy dokument daarop uit is om die verlede te regverdig, die *status quo* te handhaaf en die GHG te demoniseer. Die vraag na die teologiese gesprek is dringend van belang.

## KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2023

*Te midde van stygende koste kon ons daarin slaag om die prys per eksemplaar te beperk tot* ***R150.*** *U word aangemoedig om hierdie gewilde publikasie steeds te ondersteun. Daar is 'n magdom oordenkings beskikbaar op die sosiale media. Hierdie boek is gevul met wel-deurdagte oordenkings. En dit teen 41 sent per dag! Predikante word bedank vir hulle getroue medewerking. Ons dank u vir u toegewyde werk en uitstekende* oordenkings.

Gemeentes en enkelinge word aangemoedig om hulle bestellings betyds te plaas om teleurstelling te voorkom. BESTEL VOOR OF OP 25 OKTOBER 2022. Kontak u kerkkantoor of Ella. Adres en advertensie hier onder;

### DRUKWERK

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*


Lewensbrood 2023-2024
R150-00
Sluitingsdatum vir bestellings is
25 Oktober 2022
As u in ‘n Geloofsbond gemeente
is, bestel deur u gemeente.
Alternatiewelik bestel by Ella
ella@geloofsbond.org.za of 082 564 1915